ELDIE nuus news

ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE

November 2020

# Ons Landgoed Is 5 jaar oud op 1 November 2020

Die einde van 2020 is om die draai! Só vinnig het die tyd verloop nê en wat ‘n traumatiese jaar was dit nie, met Covid-19 wat die hele wêreld op sy kop gedraai het!
En tog kan ons as inwoners van Eldoraigne Aftreelandgoed met dankbaarheid verklaar dat met die Here se genade, en ons almal se onbaatsugtige samewerking, liefde en geloof ons tot dusver net van een van ons geliefdes weens Covid-19 moes afskeid neem. Ten spyte van Covid-19 het die daaglikse bedrywighede op die landgoed vlot verloop.

**Bestuur:**
‘n Woord van dank aan ons Landgoedbestuurder, Hansie en sy span wat hulle vinger op die pols hou, onder moeilike omstandighede en vanaf ’n afstand, volgens die Covid-19 protokol en prosedures.

**Versorgingseenheid:**
Ons is dankbaar dat ons kan sê dat nie een van ons inwoners in die versorgingseenheid siek geword het met Covid-19 nie. Dankie Louise vir jou en jou personeel se onbaatsugtige en deernisvolle versorging van ons inwoners. Vanaf 15 Oktober word besoekers weer toegelaat om geliefdes in die Sorgsentrum te besoek, onder streng Covid-19 regulasies. Doen so voort.

**Sosiaal:**
Ons landgoed is 5 jaar oud en ons hoop om vroeg in 2021, indien moontlik, ’n funksie te reël om ons verjaardag te vier! As gevolg van Covid-19 is daar geen sosiale geleenthede nie en ons kon ook nie ons jaarlikse kermis hou nie. Daar is ’n skrywe uit op 21 September 2020 dat die Landgoedbussie weer in werking gestel is, asook dat sekere kleiner groepaktiwiteite op Vlak 1 'n aanvang kan neem, so ook die straattees, ontbyte en ander aktiwiteite, op voorwaarde dat sosiale/fisiese afstand (meer as 1.5 meter) tussen inwoners gehandhaaf word. Slegs dertig (30) stoele sal in die saal beskikbaar wees vir gebruik. Aangesien die spasie in die klubhuis beperk is, is daar voorsiening in die eetkamer gemaak vir enige kaartspel.

**Maatskaplik:**
Danksy Johan du Preez en sy omgeegroep het hulle uitgereik na inwoners. Die omgeegroep bederf ook die sorgsentrum inwoners en personeel elke Vrydag met heerlike eetgoed. Kerkdienste sal ook hervat kan word, volgens die voorgeskrewe reëls en prosedures.

**Fasiliteite:**
Ten spyte van die moeilike omstandighede het Ina en die Tuindienste steeds gesorg dat ons tuine in stand gehou word. Ek is seker dat almal al opgemerk het hoeveel nuwe plante en blomme pronk in ons landgoed. Veral die clivias by Ontvangs was 'n lus vir die oog.
Die hele kanaal is skoongemaak en alle plantmateriaal en grond is verwyder. Die kiewiete broei al klaar.

**Kommunikasie:**
Ons Eldie Nuus bly 'n uitstekende bron van kommunikasie! Meeste inwoners en eienaars ontvang die nuusbrief per e-pos en gedrukte nuusbriewe word ook versprei. Gebruik ook die kassie voor by Ontvangs vir nuus en insette.

**Restaurant:** Tydens die grendeltydperk, verloop die aflewering van alle etes deur Kingdom Caterers goed. Dankie aan Lucretia en haar personeel vir 'n uitstekende diens.

# Estate: 5 years old

What a traumatic year with Covid-19 striking the whole world and that almost brought the whole world to a standstill. Due to everyone's dedication, love and empathy, our estate was blessed with only one dearly departed because of Covid-19. We are almost at the end of 2020!

**Finance:**
This financial year, to increase our reserve fund to provide for possible unforeseen expenses not covered by our insurance policy, i.e. for subsidence and landslide damage, the levy increase of 13.5% was implemented. However, under the guidance of Johan Alberts and after careful consideration by the finance committee, the annual budget was revised and thus a decrease of 4% of the monthly levies was approved by the Board of Directors with effect from 01 July 2020 to 28 February 2021. The decrease in levy income will mainly be financed from the reserves created for contingencies and risks. The finance committee will also determine how the reserve fund will be built up again once the economic conditions in the country have improved. The Board of Directors believe that this reduction could assist members adversely affected during this time.

**Infrastructure:**
We experienced flooding during December 2019 and February 2020, in Houtkapper Street. After discussions with the developer and a structural engineer it was decided to erect a retaining wall in the canal at the end of Houtkapper Street.

**Safety and Security:**
The safety and security of our residents is TOP PRIORITY. Bidvest Protea Coin and CSi Management ensure that all written rules are always applied to, especially now during Covid-19. We know it may

sometimes be inconvenient and frustrating to visitors, but this ensures that we can live in safety, peace and harmony in our estate.
A risk assessment was done around the security office and entrance to ensure better safety for the staff. Critical aspects are being attended to. The electrical fence was also upgraded and are functioning correctly if activated. A six (6) monthly maintenance of the fence will be done in future.

Bidvest Coin's contract expires at the end of October 2020. The following companies were invited to submit proposals to render a service at the estate:

- Bidvest Protea Coin
- Fidelity Security Services
- Guard Net Security Services
- 24/7 Security Services

After careful consideration it has been decided by the Board of Directors to appoint Fidelity Security Services with effect from 1 November 2020.
Thank you for the past weeks and may God bless you and may we be stronger during these trying times. Please allow me to quote Kristin Armstrong: "*When we focus on our gratitude, the tide of disappointment goes out and the tide of love rushes in*".

–Wilma van den Berg,
Chairperson, HOA



# AFTER A WHILE

After a while you learn
The subtle difference between
Holding a hand and chaining a soul
And you learn that love doesn't mean learning
And company doesn't always mean security.

And you begin to learn
That kisses aren't contracts
And presents aren't promises
And you begin to accept your defeats
With your head up and your eyes ahead
With the grace of a woman
Not the grief of a child

And you learn
To build all your roads on today
Because tomorrow's ground is
too uncertain for plans
and futures have a way
of falling down in mid flight

After a while you learn
That even sunshine burns if you get too much
So you plant your own garden
And decorate your own soul
Instead of waiting
For someone to bring you flowers

And you learn
That you really can endure
That you are really strong
And you really do have worth
And you learn and you learn
With every good bye you learn.

– Veronica A Shoffstall
(submitted by Jean Ann Robinson)

# Ons Straatname [22]: Voëls



Die Hadeda Ibis (Bostrychia hagedash), is ’n vaal gryserige middelslag voël (76cm) wat van naby in die sonlig glansende brons vlerkdekvere toon.Die gesig is grys en ’n wit streep loop van die snawelbasis tot onder en agter die oog. Die lang, donker afgeboë snawel het ’n rooi rif op die bo-mandibel. Word aan sy bonkige bou, relatief kort pote uitgeken en in vlug lyk sy vlerke baie breed.

Die geslagte is eenders, maar die onvolwasse voël het nie rooi op die snawel en brons op die vlerke nie.

Habitat: Uiteenlopend; oop plekke in woude, boswêreld, savanne, oop grasveld en landerye EN in voorstedelike tuine. Kom gewoonlik in klein groepies voor, oornag in groot bome en vlieg soggens vroeg en saans na en van hulle kossoekplekke.

Sy roep is ’n kenmerkende 'ha-ha-ha-da-da' wat lawaaierig in vlug is. Ons word dikwels wakker soggens van hierdie geroep. Waar dit my voorheen ge-irriteer het, is ek nou dankbaar dat ek dit tog kan hoor. Die groot misblertse wat hulle los, maak ek ook nou geduldig skoon. Hou net jul honde weg van die blertse, dis gewoonlik vol wurms.

# Teaching

1.Teacher: How old is your father?
Kid: He is 6 years.
Teacher: What? How is this possible?
Kid: He became father only when I was born.

2.Teacher: Maria, go to the map and find North America.
Maria: Here it is.
Teacher: Correct. Now class, who discovered America?
Class: Maria

3.Teacher: Joe, how do you spell “crocodile”?
Joe: K-R-O-K-O-D-I-A-L
Teacher: No, that is wrong.
Joe: Maybe it is wrong, but you asked me how I spell it.

4.Teacher: Donald, what is the chemical formula for water?
Donald: H I J K L M N O
Teacher: What are you talking about?
Donald: Yesterday you said it’s H to O

5.Teacher: Clyde, your composition on ’My dog’ is exactly the same as your brother’s. Did you copy his?
Clyde: No sir; it’s the same dog.

6.Teacher: Harold, what do you call a person who keeps on talking when people are no longer interested?
Harold: A teacher.

-(Submitted by Wilma)

# ONS IS TROTS OP JULLE!!

Ons seniorste inwoners woon in die Sorgsentrum.
Die Landgoed wens hulle net die beste toe vir die jaar wat voorlê.

## 99



'n WONDERLIKE VERJAARDAG
Tannie Hester Rossouw is gebore op 26 Oktober 1921 in Witbank. Haar Pa was 'n boekhouer en haar ma 'n huisvrou. Haar man was in die Weermag en Tannie Hester was 'n huisvrou terwyl hulle in Capital Park en later in Voortrekkerhoogte gebly het. Haar stokperdjies was hekel, brei en naaldwerk. Sy is geseen met 3 dogters en vele kleinkinders. Haar seun is egter oorlede.
Sy woon tans in die Sorgsentrum en is nog heeltemal onafhanklik wat badkamer toe en eetsaal toe gaan betref.

## 98



Mrs Doris Matthews was born on 15 July 1922 in Pretoria.Her mom was a housewife and her Dad an Estate Agent. They were two children: herself and a brother. Doris worked as a typist and her husband worked for Ellman's Reagent. They have 3 children: 2 boys and a girl and many grandchildren.
She loves gardening and needlework. Her mind is still crystal clear and besides suffering from rheumatoid arthritis, she is healthy and strong.



Charlotte (190)
se Kalanchoes




Daan (12)
se Crown of Thorns



Rae (4) se Tropiese
Amerikaanse Lugplant



Ina (1021)
se Cordelyne



Jeanette (103)
se Vetplant-plantjies



Bessie
se Bladroos



Jan (22)
se Amarillas



Magdel (1223)
se Litroos



Hantie (162)
se Bottelborsel

# Tuindag



Johan Meaker (39)
se Speldekussing




Cora (204)
se Kleur in die Kliptuin



Dirkie (159)
se Rose



Cora (204)
se Spekboom begin blom



Nellie (1012)
se Wasblom

Langs (246)
Kiewiete met 3 babas







Rosie (1011)
se Bladroos

# 60 jr!







Des en Pam Hazel van woonstel 1308
was 60jr getroud op 5 Oktober 2020.
Kyk net hoe pragtig was hulle !





# In Gesprek met..[23]: Wesley en Marie Strauss



Wesley en Marie Strauss-die kuns van rekenaarprogramme!

Wesley John Strauss, slegs ’n toevallige verbintenis met die 18-eeuse teoloog John Wesley, is gebore in 1937 te Moorreesburg tussen die koringkorrels van die Wes Kaap. Kort daarna verhuis die familie na Ventersdorp in die Transvaal en later na Pretoria. LS Oost Eind, Affies en toe TUKS vir sy BA HOD.

Na sy graad is dit tyd om te werk en is hy na Thabazimbi as kunsonderwyser by die plaaslike Thabazimbi LS/HS. Intussen het 'n sekere Marie de Jager wat op Brits matriek gemaak het en onderwys by die Pretoria Normaalkollege geswot het, haar ook in Thabazimbi as laerskool onderwyseres bevind. Daar kom hulle in die skoolkoshuis bymekaar-kamermaats?

Na vier jaar in die onderwys bedank Wesley en terug na Pretoria waar hy ’n betrekking by Yskor aanvaar as rekenaarprogrammeerder en ook hoof van opleiding. In 1967 aanvaar hy 'n pos by Sperry Univac as “Education Manager”. Later volg sy finale betrekking by Krygkor as bestuurder rekenaar-opleiding tot sy aftrede in 1992 op 55-jarige ouderdom. Iemand kan blykbaar nie stil sit nie en hy is terug onderwys toe as onderwyser in rekenaarwetenskap by Pretoria Boys High.Later is hy na Eldoraigne HS tot sy finale aftrede.

Intussen is hy en Marie getroud, twee kinders en sy hou aan met onderwys tot haar aftrede by Hennopspark LS. Die twee kinders woon tans in Australië: hul seun in Sydney waar hy 'n lektor by 'n kollege is en hul dogter ( rekenaar ouditeur) en haar familie bly in Canberra. Volgens Marie is die 14 jarige kleinseun die slimste en mooiste kind in die wêreld– soos almal in ons Landgoed s'n! Hulle besoek die kinders elke jaar en reis ook graag deur die land. “…ek ken Australië amper so goed soos Suid Afrika”. Covid het hierdie jaar hulle besoek in die wiele gery maar hulle visum is nog geldig tot volgende jaar en hulle hou duim vas.

Marie hou haar besig met haar pragtige tuin in Hoep-Hoepstraat– onthou die pragtige Clivias in verlede maand se nuusbrief, naaldwerk, sudoku en brug waar sy by twee klubs speel.

Wesley hou hom besig met houtwerk, skilder, lees, slegs nie-fiksie , blokkiesraaisels en “crossword puzzels”, musiek, veral opera en is lid van vier brugklubs (veral kontrakbrug).

As't ware ’n Renaissance mens.

–(Ingestuur deur Les)

# Boekbekendstelling:
## Die Land Brand en die koning lig 'n Bell's.

Dit is die naam van Susan Fourie (3080) se nuwe boek wat handel oor verskillende mense (ook ons Landgoedinwoners) se ervaring tydens fase 5 tot 2 van die inperkingstyd .

Evaluering van skrywers (–op die agterflap)

.” *Fourie se boek is ’n eerlike en opregte bestekopname van 'n vreemde tyd. Sy verwoord baie mense se ervarings van die grendeltyd, sonder pretensie en breedsprakigheid*” –Dana Snyman

.” *Menslik, genuanseerd, vermaaklik*”. –Corlia Fourie

.” *Raakgevat in 'n lekker-lees trant. Die perfekte geskenkboek*”. –Dr Gerhard Bothma

Dit vertel van vrees, vreugde en verlies. Van mense wat kanse vat en van ander wat elke jota en tittel van (soms) absurde wette gehoorsaam. Amusante gedrag, pynlike ervarings en die onbeholpe toepassing van regulasies is boeiende leesstof in ’n tyd waarin almal sukkel om sin te maak uit dit wat was en wat is en wat nog kom.

Die bekendstelling is op Woensdag 11 November 2020 om 10h00 en 12h00 in die eetsaal. Koffie, tee en verversings is gratis beskikbaar. Gaste kan ook luister na voorlesings uit hierdie boek van een van ons eie inwoners.

–Uitgewers: Naledi. Prys: R220 kontant.

---

# Inheemse bome [21]: Sandolien



Sandolien / Sandolyf / Sand Olive /
Dodonaea angustifolia/ boom nr 437

Hierdie boom word dikwels ’n Combretum genoem, maar die Sandolien se blare is afwisselend en die vrug 3-vlerkig, terwyl ’n Combretum se blare teen-oorstaande is en die vrug 4-vlerkig.

Die sandolien is ’n immergroen struik wat 3-5 m in hoogte kan word , maar tot 10m as dit in rivierbeddings voorkom. Die blare is taaierig, gaafrandig, smal langwerpig en blinkgroen. Die blomme is klein, geelgroen en word gedra in trosse aan die takuiteindes-manlike en vroulike blomme aan aparte bome, of tweeslagtig. Die saad is eetbaar, ontkiem maklik en verplant net so maklik. Die sandolien word wêreldwyd gebruik om erosie teen te werk.

’n Konkoksie van die blare word gebruik as ’n purgeermiddel en ook in die behandeling van rumatiek, seerkeel en aambeie. Van die vroegste tye af is die wortels gebruik om gewone verkoues mee te behandel.


La Vie
CARE
Our family caring for yours
We operate 8 Frail and Dementia Care facilities, and Sub-Acute & Rehabilitation Hospitals in Gauteng.
HOME CARE
Available Now
OUR SERVICES
✓ 24/7 Home Care
✓ Peep-in Service
✓ Bath & Shower Service
✓ 12 Hour Home Care
✓ Walks
✓ Medication Administration
24/7 Home Care
Bath & Shower Service
Medication Administration
WELLNESS BLOG
Read and download our online articles: www.laviecare.co.za/wellness-blog
The Battle Of The Bones
The Dementia Dossier
Is Home Care Always Best?
La Vie
CARE
La Vie Care Elmed, 458 Willem Botha, Eldoraigne, Centurion
012 007 1608
elmed@laviecare.co.za
www.laviecare.co.za

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

**ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE**



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2 | 2 | 1 | Y | Y |

**R1,900,000**

**ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE**



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3 | 2 | 2 | Y | Y |

**R2,650,000**

**ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE**



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4 | 2 | 2 | Y | Y |

**R2,900,000**

**ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE**



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3 | 2 | 2 | Y | Y |

**R2,400,000**

**ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE**



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2 | 1 | 0 | Y | N |

**R1 250 000 - 1ST FLOOR**

**ELDORAIGNE RETIREMENT ESTATE**



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2 | 1.5 | 1 | Y | Y |

**R1.850.000**



**RUAN ERASMUS**
**071 481 6199**
RUAN@CSISALES.CO.ZA

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

**CALL NOW!**
Bronberg - Karin Stelzer
082 879 1198
karin@csirentals.co.za
Eldoraigne - Leatitia Ferreira
083 378 4510
leatitia@csiproperties.co.za

# TO LET

## Bronberg Retirement Village

2 & 3 Bedroom simplexes from R 10 000 pm
1 Bedroom apartments from R 7 100 pm
2 Bedroom apartments from R 7 900 pm

## Eldoraigne Retirement Village

1 Bedroom, 1 Bathroom, apartment - R 7 500 pm
2 Bedroom, 1 Bathroom, apartment - R 8 200 pm
2 Bedroom, 2 Bathroom, simplex - R 8 900 pm
3 Bedroom, 2 Bathroom simplex, from R 12 000 pm




**Visit our website for more info - www.csi-euf.co.za**